Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, October 02, 2022

Page: 16


Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

# Erf is nie ’n kind se reg

## Sorg vir jouself en ná dood vir jou wederhelf of lewensmaat



**“I am you father, Luke . . .” Selfs al is jou verhouding met jou ouers glad nie problematies nie, beteken dit steeds nie jy het die reg om te erf nie.**

Laat ek met die deur in die huis val. Kinders hoef nie te erf nie. ’n Erfenis is ’n meevaller. ’n Bonus.

Sorg eers vir jouself. En ná jou dood vir jou wederhelf of lewensmaat.

Ek wil vandag breedweg oor hierdie inleidende stelling ’n paar punte maak na aanleiding van ’n vraag van ’n leser: Moet hulle nie nou hul gesamentlike testament verander en bates aan die kinders bemaak, eerder as aan die langslewende van hulle nie?

Dit is, so verstaan ek die vraag, om te keer dat die langslewende dalk die kinders se erfenis kan verkwansel.

**Jy kan nie ander se goed bemaak**

Ons begin met die testament. ’n Gesamentlike testament, ongeag wat ander jou probeer wysmaak, is reeds twee testamente. Dit is bloot in een dokument saamgevat. Dit het nie spesiale regskrag nie.

En jy hoef nie, net omdat jy binne gemeenskap van goed getroud is, ’n gesamentlike testament op te stel nie. Julle kan elkeen jul helfte van daardie gemeenskaplike bates bemaak soos julle wil. Elkeen kan selfs ’n eie testament opstel, sonder om die ander party daaroor in te lig. Julle hoef nie saam te besluit oor hoe om te bemaak nie. Die reg op testeervryheid word hoog geag in ons land.

Net om die punt af te sluit, enige ooreenkoms oor hoe om te bemaak, is uit die staanspoor nietig. Dit is asof dit nooit bestaan het nie.

**Langslewende kan onderhoud eis**

Daar is wel ’n wedersydse regsplig van onderhoud. Selfs ná dood. Die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades (Wet 27 van 1990), gee aan ’n langslewende gade die reg op ’n eis om onderhoud teen die boedel van die eerssterwende. Dit gaan om “redelike onderhoud” in die mate dat die oorlewende gade nie in staat is om vir hom- of haarself te sorg nie.

Laat ek gou afwyk. Hierdie wet het die reg op so ’n eis om onderhoud beperk tot mense wat formeel getroud was. Die beperking is in 2005 bevestig in die saak Volks vs. Robinson, waarin die hof bevind het ’n mens het ’n keuse om te trou of nie te trou nie. As jy gekies het om nie te trou nie, kan jy jou nie later op die wet beroep nie.

Maar dit is aan die verander. Die konstitusionele hof het vroeër vanjaar in die saak Bwanya vs. Meester van die hof ’n vorige uitspraak van die hooggeregshof in Kaapstad bekragtig waarin daar beslis is dat hierdie wet ongrondwetlik is en dat dit herskryf moet word om ’n lewensmaat in te sluit. Die vereiste van ’n formele huwelik is dus nie meer ’n voorwaarde vir so ’n eis nie.

Hoewel die parlement die wet nog moet wysig, kan ons aanvaar dat dieselfde eis-reg voortaan ook vir langslewende lewensmaats sal geld. Enigeen in so ’n posisie hoef hom- of haarself eenvoudig op die konstitusionele hof se uitspraak te beroep.

Met ander woorde, hoe jy ook al besluit het om te bemaak in jou testament, jou oorlewende gade of lewensmaat kan in elk geval ’n onderhoudseis instel teen jou boedel. Die eis het dieselfde regskrag as die eis van ’n minderjarige kind.

Anders gestel, dit kan belangriker wees as die hoe en wie in jou testament. Terloops, so ’n eis word direk by die eksekuteur ingedien, dit hoef nie by ’n hof gedoen te word nie.

**Gun die langslewende menswaardigheid**

Kom ons kyk nou na die wyer praktiese implikasies van die leser se vraag. Ek kyk maar vanuit die man se hoek om minder woorde te kan gebruik.

Hy is die “broodwinner”. Eintlik verpes ek die woord, want dit skep ’n gewaande hoër status. Ek glo in die huwelik, of soortgelyke verhouding, dra elkeen by na vermoë en na behoefte. Die een is nie belangriker as die ander nie.

Maar laat ek nie afdwaal nie. Mans gaan vroeër dood as vroue (statisties) en die meeste van die bates is gewoonlik ook maar in die man se naam. Dit is hoekom ek ’n man as voorbeeld gebruik.

Nou gaan hy dood. En hy bemaak al daardie bates aan die kinders. Sy vrou moet by ’n kind intrek.

Sy is nou dalk ontslae van ’n baasspelerige man, maar onmiddellik word sy uitgelewer aan die kinders. Moenie vir my vertel hulle sal goed vir haar sorg nie. Dit is nie die punt nie. Wat ter sprake is, is haar menswaardigheid.

Sy raak finansieel afhanklik van die kinders, of minstens die kind by wie sy moet gaan bly. Finansiële onafhanklikheid is die grondslag vir menswaardigheid. Dit is soos dit is.

Wat is die boodskap? Jy kan nie vir jouself sorg nie. Jy sal die geld vermors. Jy is te dom om met geld te werk.

En wat as daar drie kinders is, wat elkeen gelyk “moet” erf? Maar net een sorg vir ma. Het daardie kind gelyk geërf?

Neem in ag dat die kind self getroud kan wees. Gaan sy of haar gade, of lewensmaat, so graag ’n ander se ouer “gratis” wil laat inwoon. Met versorging? Is dit reg teenoor daardie gade, of lewensmaat?

Sorg eers vir mekaar. As dit dan beteken dat julle alles aan mekaar moet bemaak, doen dit dan. Kinders het nie eerste reg om te erf nie. Dis ’n meevaller.

**■ Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en ’n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.